


DIE KAAPSE BIBLIOTEKARIS

Januarie 1987



RESEARCH SECTION
Western Cape Library Service

VAN DIE DIREKTEUR

Ons wens al ons lesers 'n baie voorspoedige nuwe jaar toe en hoop dat 1987, benewens vele uitdagings, ook 'n suksesvolle jaar in u biblioteek en gemeenskap sal wees.

Waar die klem in 1986 hoofsaaklik geval het op die rasionalisasie van die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens deur die implementering van 'n nuwe diensstaat en vakkundige opleiding van professionele personeel, sal aandag hierdie jaar bestee word aan die openbare biblioteek, naamlik voortgesette opleiding van personeel en die rol van die biblioteek in die gemeenskap. Die eerste stap is 'n opleidingskursus in Kaapstad aan die begin van Maart vir bibliotekaresse wat in groot openbare biblioteke werksaam is. Verskeie eendaagse kursusse en kort simposia sal daarna by verskeie sentra regoor die Provinsie aangebied word. Noudat alle senior toesighoudende poste gevul is, sal senior personeel van die hoofkantoor probeer om openbare biblioteke meer dikwels te besoek ten einde noodsaaklike professionele kontak te behou. Die besluit deur die Provinsiale Biblioteekraad waarvolgens raadslede uitgenooi is en aangemoedig word om ook biblioteke te besoek, word hartlik verwelkom.

Graag word ons nuwe redaktrise van hierdie blad verwelkom, asook die nuwe tikster wat haar by die span aangesluit het. Ons vertrou dat u van die nuwe aanbieding van ons blad sal hou wat nou vir die eerste keer op nuwe, hoogs gesofistikeerde toerusting geprosesseer kon word.

My besoek aan verskeie openbare biblioteke in Europa, asook die kontak met bibliotekarisse van verskeie lande, was uiters stimulerend, veral in tye waar Internasionale kontak vir Suid-Afrikaners nie meer so maklik is nie. Hopelik sal dit lei tot die uitruil van idees wat tot voordeel van al ons biblioteke sal strek.



I N H O U D / C O N T E N T S

JANUARIE / JANUARY 1987 VOL 31 NO 1

- 1 VAN DIE DIREKTEUR
 - 2 IS DAAR 'N TOEKOMS VIR SUID-AFRIKAANSE SKRYWERS?
Hettie Scholtz
 - 6 PROMOTION NEEDS AN ATTITUDE OF MIND
Mary Kleinschmidt
 - 9 PETER SNYDERS AAN DIE WOORD
 - 12 FILM STRIPS FOR STORY HOURS
Lesley Whitwell
 - 13 CENTRAL COLLECTION : OUR CINDERELLA?
Margaret Iskandar
 - 14 JAPANESE ANIMATION
Freddy Ogterop
 - 15 WOODCUTS BY LUCKY SIBIYA
Marlene Nielsen
 - 16 KATEGORIEË VERHALENDE LEKTUUR VIR KINDERS
Ilse Ahrends
 - 18 WAT VERWAG EK VAN MY STREEKBIBLIOTEKARIS?
Anna-Marie Cloete
 - 20 OPENBARE BIBLIOTEK DAGVIERINGS /
PUBLIC LIBRARY DAY CELEBRATIONS
 - 23 NUUS / NEWS
 - 29 BOEKBESPREKINGS / BOOK REVIEWS
 - 35 BOEK-AANWINSTE / BOOK ACCESSIONS
- REDAKTRISE / EDITOR : ZIRKĒ ELLIS
KUNSTENARES / ARTIST : CLARE JEWISS

Die tydskrif van die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens verskyn elke maand behalwe Julie en Desember. Bydraes en navrae moet gerig word aan Die Redakteur, Die Kaapse Bibliotekaris, Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens, Posbus 2108, Kaapstad, 8000, Suid-Afrika. Die menings van medewerkers is nie noodwendig dié van die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens nie.

IS DAAR 'N TOEKOMS VIR SUID-AFRIKAANSE SKRYWERS?

Hettie Scholtz van HAUM-Literêr

Daar heers toenemend kommer oor die toekoms van die Afrikaanse skrywer. Nie alleenlik het die skrywer in Suid-Afrika 'n klein leserspubliek nie, die wisselkoers en die belasting op ingevoerde boeke het selfs nog groter gate in die werkskapitaal van die boekhandelaar gevreet en die hele uitgewersbedryf is daardeur geraak. Die "bemarkbaarheid" van 'n boek het 'n groot oorweging geword en "publiseer ter wille van die saak" is iets van die verlede. Manuskripte word aan strengere keuring as ooit tevore onderwerp.

"publiseer ter wille van die saak" is iets van die verlede.

Dit op sigself is geen rede tot pessimisme nie. Werk van gehalte, veral gehalte met vernuwung, sal altyd 'n tuiste vind. 'n Onlangse ondersoek na die Afrikaner se houding teenoor die Afrikaanse letterkunde deur prof. J.H. Senekal het egter onderstreep dat daar "iets groots met die Afrikaanse literatuursisteem skort" en dat weinig letterkunde - ouer of nuwer - gelees word, veral op 'n gereelde grondslag. Ook is gevind dat daar 'n gevoel van negatiewe teenoor en afkeer van jonger (eletydse) literatuur heers. In die empiriese ondersoek wat hy in samewerking met die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) gedoen het, blyk dit dat 52.5% van die verteenwoordigende lede van die publiek (Afrikaners) wat ondervra is, selde of ooit ouer letterkunde lees en 53.7% selde of ooit nuwer letterkunde.

Wanneer hulle wel lees, gee hulle voorkeur aan die ouer letterkunde. Die jonger letterkunde word

selfs beskou as "vulgêr", "platvloers", "morsig", "amstrede", "gewaagd", "ulitdagend" en "onverstaanbaar", skryf prof. Senekal. Voorts blyk dit duidelik dat die Afrikanergemeenskap nie leesstof verkies met literêre pretensies nie. Ontspanningsliteratuur en tydskrifartikels is vir hulle die belangrikste soort leesstof. As hulle lees, is die rede "genot" (71,1%) of om op hoogte van sake te bly (68,2%).

Afrikaners is in die eerste plaas tydskriflesers, volgens die verslag. En die bewering dat Afrikaners nie koerante lees nie, is onsin. 96,4% lees koerantberigte en 83,1% lees dit in Afrikaans.

'n Afrikaanse boek word gelees wanneer dit 'n interessante tema het (89,4%) en wanneer dit 'n "goeie boodskap" uitdra (73,4%). Vir net 32,9% is dit belangrik dat die kritici 'n boek hoog moet aanslaan.

Volgens prof. Senekal is die Afrikaanse leser nie juis geïnteresseerd in die skrywer, die vorm van die boek, die uitgewer se verkoopsteun of letterkundige pryse nie. Net 3,1% dink dit is belangrik dat 'n skrywer

Afrikaners is in die eerste plaas tydskriflesers...

al 'n prys gewen het. Dit blyk ook uit die ondersoek dat die siening van wat letterkunde of literatuur is, aan 'n Babelse verwarring grens. 35,7% van die respondente beskou strokiesprente as literatuur en 47,7% koerantberigte! 'n Groot persentasie (31,4%) van die respondente is nie tevrede met beheer op publikasies nie. Van dié groep

meen 40,9% sensuur is glad nie streng genoeg nie.

Vir die plaaslike skrywer wat hom toelê op die letterkunde, is dié prentjie nie 'n optimistiese een nie. Dis ook nie 'n probleem eie aan Suid-Afrika nie. Dis 'n wêreldwye verskynsel dat daar spanning tussen samelewing en skrywer is. In die bundel **Skrywer en gemeenskap** ('n bundel wat saamgestel is uit 'n aantal voordragte wat by berade van die Afrikaanse Skrywersgilde gelewer is en verskyn het by geleentheid van die Gilde se tiende bestaansjaar in 1985) lug dr. Willem De Klerk sy mening oor die kragte agter sensuur. "Skrywers verteenwoordig die individuele aksent, die minderheidsentimente, die onderstrominge van emosie wat in 'n gemeenskap roer, die verset teen die onreg van die sisteem. Daarteenoor staan die volk binne die raamwerk van sy verskillende magstrukture. En hierdie magstrukture is ingestel op die bewaring van die sisteem, op die sekerheid van die tradisionele, die rustigheid van die fatsoen en die orde, die konformisme aan die geformuleerde lewenstyl en die ongeformuleerde belewingswêreld van die gemiddeldes."

Volgens dr. De Klerk moet hierdie spanning egter bly, veroorsaak dit 'n elektrisiteit wat van weerskante kom - van skrywers volkstrukture - en gee dit energie aan die hele werklikheid van 'n volk. In hierdie twee-poolspanning word die volk en sy skrywers gered van verstarring, geslotenheid en die onkritiese absoluutheid wat egte lewe versmoor. Daarom moet ons dankbaar wees vir die spanning. Dis 'n ideestryd binne 'n volk. En 'n volk is nie eenvormig nie.

Dis belangrik om te onthou dat skrywers in 'n lugleegte sal versmoor as die volk hulle verwerp maar dat die volk een van sy lewensare afsny as hy sy skrywers verwerp.

Tydens die 48ste jaarkongres van die Internasionale skrywersliggaam PEN wat vanjaar in New York vergader en as beraadtema gehad het, The Writer's Imagination and the Imagination of the State bevestig **Newsweek** as volg: "There were moments of high drama. One came when writer Omar Cabezas, a high-ranking official of Nicaragua's

Onthou dat skrywers in 'n lugleegte sal versmoor as die volk hulle verwerp.

Ministry of the Interior, lamely invoked national security as a justification for state censorship. Shouted Hungarian writer George Konrad from the back of the room: 'This is the speech of the police!' And there were, mercifully moments of comic relief - some of it unintentional.

Argued Günter Grass: 'We have to learn to be anarchists again.' Peruvian novelist Mario Vargas Llosa agreed in his understandably imperfect English. 'That is the revolting function of literature' he said."

Time Magazine het ook verslag gedoen oor die PEN-byeenkoms en dis interessant om kennis te neem van die jong Israeliese skrywer Amos Oz se mening oor die posisie van die skrywer in die wêreld van vandag:

"The state has no imagination. 'The imagination of the state' exists only in the imagination of some writers, like those who invented our title here. Some writers have indeed died in jails and gulags while others have



thrived in courts and dachas. Moreover, 'the sweet and simple common people' out there are neither sweet nor simple. We know, most of us, better than that. Just read your own books and see. The 'state' is a necessary evil simply because many individuals are very capable of being very deadly. Moreover, some

Die letterkunde gedy, en in enige taal is dit 'n goeie teken.

states are almost fair, some are bad, some are lethal. And since writers are, or at least ought to be, in the subtleties department and in the precision department, it is our job to differentiate. Whoever ignores the existence of varying degrees of evil is bound to become a servant of evil.

"The tragedy of history is not the perpetual hopeless clash between saintly individuals and diabolical establishments, but rather the perpetual clash between the relatively decent societies and the bloody ones. To be more precise: the perpetual cowardice of relatively decent societies whenever they confront the ruthlessness of the oppressive ones. How can one be humane, which means sceptical and capable of moral ambivalence, and at the same time try to combat evil? How can one stand zealously against fanaticism? How can one fight without becoming a fighter? How can one struggle against evil without catching it? Deal with history, without becoming yourself exposed to the poisonous effect of history? Three months ago, in Vienna, I saw a street demonstration of environment-

allists protesting against scientific experiments on guinea pigs. They carried placards with images of Jesus Christ surrounded by suffering guinea pigs. The inscription read: HE LOVED THEM TOO. Maybe he did, but some of the protesters looked to me as if eventually they may not be above shooting hostages in order to bring an end to the sufferings of the guinea pigs. Which is what I'm talking about in a nutshell - which is to some extent, the story of my own country, and the story of do-gooders here and there, and maybe everywhere.

"Let us not ascribe a demonic imagination to the state and a redeeming imagination to ourselves. It's all in our own heads - let's not give in to the temptation of simplifications. We ought to be telling bad from worse from worst."

Die gees van pessimisme oor die toekoms van Afrikaans hang egter nou saam met die feit dat Afrikaans as "owerheids"- en "onderdrukkerstaal" gebrandmerk is. Dit verdwyn bv. as amptelike taal by die nasionale state en volgens taalkundiges soos proff. Jaap Steyn en Johan Combrink, is daar 'n wesenlike gevaar dat Afrikaans as gevolg van 'n gebrek aan handhawing agteruit sal gaan.

Tog word die negatiewe stereotypering van die taal besweer deur die toenemende erkenning en gebruik daarvan deur bruin en swart sprekers, werkers en vakbonde, groeperings wat teen Apartheid gekant is. 'n Werk soos **Die Swerfjare van Poppie Nongena** het dan ook getoon hoe die eietydse letterkunde die stereotiepbeeld van die taal weerlê.

Resente navorsing het ook bewys dat dit 'n mite is dat bruinmense Afrikaans steeds op 'n groot skaal verwerp en verskeie groei-punte dui daarop dat die Afrikaanse letterkunde 'n groter leersaal bereik - en kan groei:

° Die opkoms van goeie, gewilde prosa deur skrywers soos Dalene Matthee, wat onlangs vir die tweede agtereenvolgende jaar die ATKV-prys vir Goeie, Gewilde Prosa ontvang het.

° Die lewendige literêre en teaterbedrywighede onder bruin gemeenskappe in die Kaap, soos geblyk het uit die Universiteit van Wes-Kaapland se simposium oor swart skrywers in Afrikaans.

° Die aandag wat letterkunde in die media kry.

Daar is ook genoeg tekens van 'n toenemende ontginning van leserspotensiaal om 'n mens tog optimisties oor die toekoms van die Afrikaanse boek te maak. Die letterkunde gedy en in enige taal is dit 'n goeie teken. En dis 'n feit dat haas alle Afrikaanse skrywers lojaal bly aan Afrikaans, in watter mate hulle ook 'n sukses op die wêreldmark behaal.

So baie van ons jong (en selfs voorste) skrywers ervaar egter

Baie van ons jong skrywers ervaar vandag werklike angste oor hul toekoms in hierdie land.

vandag werklike angste oor hul toekoms in hierdie land. Hulle vra: Hoekom moet ek hoegenaamd nog in Afrikaans skryf? Gee my een goeie rede, sê hulle. Maar dis juis die onsekerheid in die land wat neig om mense te stimuleer. Daar kom uit die intense woelinge kragtige werk. Jeanne Goosen se **Karoosketse** is rou, dinamiese

prosa wat 'n somber vraagteken laat hang oor die toekoms van die land. Maar dit bring 'n wete dat Afrikaans lewe. Dat daar krag is in Afrikaans. Waarom hou ons skrywers dan aan om in Afrikaans te skryf? Dié vraag word op pragtige wyse beantwoord deur prof. Rena Pretorius wat tydens haar professorale intrede die volgende daaroor te sê gehad het:

"By prosaïes, dramaturg en digter is daar bekentenisse - eksplisiet of implisiet dat "Afrikaans my baarmoeder is". Die ek-verteller in Hennie Aucamp se essay "Die Uitsettingsbevel" sê: "My bestaan, my identiteit, my kern, my alles lê opgesluit in Afrikaans. 'n Bestaan in 'n ander taal sal vir my tweedehands wees."

In **Dagboek van 'n verraaier** laat J C Steyn sy held in 'n openhartige-eerlike dagboekinskrywing sy intiemste gedagtes so uitsê: "Dis.. my private ache. Dis my ache, die ache oor volk en taal... Dis miskien ons almal se enigste egte besit: die smart en die vrees vir die smart om te kan verloor wat vir ons die liefste is..."

"'n Boer in Henriëtte Grové se **Toe hulle die vierkleur op Rooi-grond gehys het** bid-praat so:

"Sê my, wat is kiepersol of kan-niedood in Engels?... Of hoe ver-taal jy blinkblaar-wag-'n-biet-jie-boom of brandsiek skaap? Julle kan nie... 'n Mens het jou eie woorde nodig; soos jy hulle nodig het om jou testament op te stel. Hoe bemaak jy jou erfenis aan jou nageslag? Sê my, hoe word 'n mens oud in Engels en hoe sterf jy daarin?"

"In "'n Moontlike gesprek" in September 1981 (Tydskrif vir Geesteswetenskappe p.173) antwoord Sheila Cussons haar denkbeeldige gespreksgenoot se vraag oor wat behoud en handhawing van die moedertaal beteken - juis vir haar beteken wat toe reeds 24 jaar lank al woon in Spanje - in

'n "vreemde" land met "'n vreemde taal" voortdurend in haar ore en op haar tong: "My taal het nie verdwyn nie, intendeel... dit spin en weef soos die lilies van die veld...ek is jaloersier gesteld op my taal as ooit; ek hoor en proe hom in my gedagtes met 'n dankbaarder waardering as ooit voorheen... Afrikaanse woorde, lewe in my. Het my nodig, hierdie klein taaltjie, tegelyk so lewenskragtig en so weerloos, ook vir my nodig vir sy groei en sy beveiliging? Leef, so, Engels in my, my vlot Engels? Nee. Hierdie baarmoeder-roering in my (hierdie wonder) - is Afrikaans."

Suid-Afrika, as deel van die kontinent Afrika, begin 'n letterkundige tradisie te vestig wat deur baie plaaslike en buitelandse dwarsstrominge beïnvloed is. 'n Bewys hiervan is die geslaagde Internasionale Kongres oor Opkoms Letterkundes wat onlangs by die Universiteit van die Witwatersrand deur die departemente Afrikatale en Vergelykende Letterkunde aangebied is. Akademici en skrywers van Harvard, Montreal, Chicago en die hoofsentra van

'n Veel groter leserspubliek kan en moet vir die lees van boeke gewen word.

S.A. het aan die kongres deelgeneem. Volgens prof. Reingard Nethersole beleef die verskillende tale en kulture in ons land 'n ongekende opbloei van letterkunde en was dit 'n uitstekende verhoog om ouer en nuwer letterkunde van af te beskou.

Die toekomsboodskap is egter duidelik. 'n Veel groter leserspubliek kan en moet vir die lees

Skrywers en uitgewers sal die hand moet neem om die volk weer by sy digters, skrywers en toneel uit te bring.

van boeke gewen word. (En juis hier speel die opkoms van goeie, gewilde literatuur 'n belangrike rol om lesers vir Afrikaans te verkry.) Volgens die aankoper van Afrikaanse boeke van 'n boekhandel met takke landswyd, maak die verkope van Afrikaanse fiksie ongeveer 10% van sy handel uit. Maar sy omsat in hierdie kategorie het die afgelope 2 jaar met 131% gestyg, en dis te danke aan slegs 2 of 3 boeke wat die verbeelding van die lesers aangegryp het. Skrywers self, en nie in die eerste plek die uitgewer nie, sal dus op 'n groter teikenpubliek ingestel moet raak. Daar moet ook realisties aanvaar word dat Afrikaans nooit met 'n wêreldtaal soos Engels kan kompeteer nie.

Skrywers en uitgewers moet ook saamstaan in die stryd teen die beperkende invloed van sensuur en allerlei soorte nie-amptelike beheer oor publikasies, veral pre-sensuur, ten einde so 'n vrye aanbod as moontlik toe te laat. Hulle sal ook die hand moet neem om die volk weer by sy digters, skrywers en toneel uit te bring. Hoe uitstekend het die Kamptoneel-projek nie reeds hierin geslaag nie! En dis 'n taak vir die jare tagtig wat met selfvertroue en drif aangepak moet word.

PROMOTION NEEDS AN ATTITUDE OF MIND

MARY KLEINSCHMIDT

What used, at Head Office, to be called the Display Department and then the Publications Section has now become "Promotion" and this illustrates a very interesting shift in both policy and the actual material being produced in the section.

Pursuing this train of thought, I looked the two words up in the dictionary, to find -

DISPLAY means "to unfold and spread out; to exhibit; to set out ostentatiously; to make prominent" - and, of course, it can refer to animal behaviour during courtship, but that hardly concerns us here!

PROMOTE means "to help forward; to further; to further the progress of; to raise to a higher grade; to encourage the sales by advertising".

So, we could further define "display" as the setting up of artwork, books and other library material relevant to the subject. It is a physical process and the object of the exercise is

to make the material so attractive to the member that he will borrow it to take home for his personal enjoyment. It is a form of window-dressing or advertising.

"Promotion" is much more subtle and there are many levels at which it can be applied. I will not even touch on the matter of going out into the community, by serving on committees, talking to groups and organisations, liaising with the media. Nor will I discuss the function of the Library Committee and/or Friends of the Library and the considerable amount of promotion they can achieve. These are "fields of endeavour" of their own and I am concerned rather with the librarian within the context of her library.

In this library context, promotion becomes a well-thought-out campaign to further some objective and actual displays may well be part of this campaign. You are the planner and, when I refer to "you", I mean you as librarian, with your staff and the

full resources of your library behind you. Your objectives may include -

- * Reaching out to the non-user of the library;
- * Reaching out to groups, for specific purposes;
- * Satisfying the members, by maintaining standards;
- * Promoting the image of good service;
- * Uplifting the standards of reading and appreciation;
- * Building a good reciprocal relationship with the community

and many more, depending on the real needs of the community.

Let us look at these objectives in turn. In the first instance, you have reached your members, but you have always to reach past them to the non-user. The keyword is "communication". I can't stress that enough. Whatever you are planning, you have to get your message across, otherwise you are wasting your own and everyone else's time.

Your targets won't always be the same and the first thing you have to establish is who your promotion drive is going to reach. It might be a group of small children starting school and visiting the library for the first time. Or it might be businessmen in the community, for whom you want to arrange a series of filmshows on business management, also for the first time. Or you might want to present a library stall and promotion campaign at the local agricultural show. These groups couldn't be further apart, in all respects, yet you have to communicate with all of them. How

will you go about making contact and what will you have to offer? This must all be planned well beforehand.

Service to groups in the community for specific purposes is both worthwhile and a very straightforward form of promotion. Whether the group consists of a sports body, businessmen, a dramatic society, an old age home, a craft society, a reading circle, or whatever, each group is already clearly defined, with its own stated objectives. So you have the advantage of knowing these objectives before you even start and can gear your project accordingly.

Again, the keyword is "communication". To meet and understand the needs of your community in an intelligent fashion, you must talk to people and - even more important - you must listen. Make yourself a sponge to the opinions and needs of your public and meet them halfway. To set up attractive displays and invite them to meet in the library is no longer enough. The approach is too impersonal. You must develop a relationship of ME - YOU with your public, the library with its members, so that communication becomes a two-way process. Secretaries and Chairmen, teachers, private individuals, church people and professional persons, from all walks of life, must all feel that they can approach you at any level and find you interested and receptive.

Then, we have continually to promote the library as a whole, in such a way that the members become - and remain - "satisfied customers". This is straightforward promotion, that includes helpful staff, good displays of audio visual materials as well as books, the boosting of circulation and keeping the turnover of stock brisk and alive. Maybe the keyword there is "alive". It is all too easy, when you are under-

staffed and pushed for time, to fall into habits of laziness, concentrating on desk duties and administrative work and letting promotion get pushed aside.

Try to avoid this. Always look at your library with a critical eye, keep the shelves weeded of dead stock, change the displays regularly, have readers' guides out where the borrowers can use them. Watch your library at all times and try to see it as a borrower would. Try and anticipate the areas where improvement is possible, or necessary.

Never feel that time spent showing a new member the layout and facilities of your library is "time lost". You have achieved several important things -

- * Any information you give enhances the image of the library;
- * You are promoting the use of facilities previously unknown to that member;

- * You have awoken a response in him that will grow as his knowledge of the library grows;
- * One bonus is that you are training him to become competent and independent in his library;
- * The second bonus is that he will spread the word.

Then we come to the raising of standards, of reading levels, of the appreciation of music, art and film. This is promotion at its most subtle and needs care and tact. Indirectly related to the question of the reading scope of the borrower is the classic example of the person, who states "I've read everything in this library" - calculated to raise one's blood pressure to boiling point! I recently heard a most interesting theory about this strange phenomenon. Is the remark a cry for help? Instead of trying to be provoking, is he really saying "I've exhausted my

Whatever you are planning, you have to get your message across...



Make yourself a sponge to the opinions and needs of your public....



supply of known authors". Many people read in a channelled area of interest and often run right out of steam. Instead of giving way to your natural irritation, ask the borrower which authors and books he has enjoyed recently, to establish his reading-pattern. Then say, "If you like Frederick Forsyth, have you tried Gerald Seymour?" or "If you like Jackie Gillott, what about Moggach, Trapido and Drabble?" Or you might even, in a daring moment, try "If you like Barbara Cartland, have you tried Georgette Hayer"....!

Don't make the alternative suggestions too obviously a step up, or you might frighten him off. Rather start by winning his confidence by suggesting books you are sure he will really enjoy and you may well find in time that you can give a very healthy stimulus to his reading tastes. It is a very rewarding game...

A less direct way to promote good reading standards, is to use the recent captions -

This is a good read / Van die boonste rak

Records to enjoy / Van ons platespens

Art Prints to appreciate / 'n Fees vir die oog

By making a permanent display area for each of these categories and using carefully selected books, records or art prints - and only one at a time - they represent items you are recommending and you can do much in this way to encourage worthwhile reading and listening. The discerning reader will look to them first, to see what is being recommended. It is a very good method of promoting books and audio visual items that are being overlooked or neglected and serves to attract the borrower to something other than the obvious best seller.

Don't see our publications and promotion material in a "vacuum". Each is aimed at an individual or a group and it is up to you to see that the material is used intelligently and with imagination. A catalogue should always be accessible to the member who uses the material listed; members who need guidance should be able to consult the readers' guides freely and easily.

I have just mentioned the word "imagination", which, to me, is just as important as "communication". Just think for a moment; without imagination, what would you have to communicate?

Your whole attitude and approach to promotion material can affect

Communication is important, but, without imagination, what would you have to communicate?

the impact it will have on the borrower. Do you just put it out and hope for the best? Or do you think about it first and use your imagination in the way you present your displays? In future, when you receive new material, I want you to ask yourself these questions -

- * For what purpose was the item produced in the first place?
- * Where and how will I present it?
- * What will I put with it?
- * To which of my members will it speak?

and, if you are speaking to your members and getting through to them, your promotion is good.



Ek skryf omdat ek meen ek het iets om te sê. Nā ek die vonk vasgevang het, gaan ek met sware, lompe, soms domme gesukkel bietjie-vir-bietjie voort om van die gees van my werk 'n kuns te maak.

Nā hierdie ouderwetse Job se werk tot openbare eiendom verklaar is, kom die foendies en ver wag dat hy 'n snuffelgids oor homself moet opstel. Hy moet gek uitsprake maak oor dinge soos: Hoe gaan jy te werk? Wat of wie is jou teiken? Bevoordeel jy nie miskien separatisme nie? Behoort jou werk tot die Letterkunde?

Ek is gebore op 14 November 1939 in Wynberg in die Kaap. Ek is die vierde kind van drie broers en vyf susters.


Ek kan nog duidelik onthou hoe op my eie ek altyd gespeel het van dat ek so vier jaar oud was. Ek het gewoonlik onder die kombuis-tafel waarop my moeder die wilmense se wasgoed gestryk het, gesit en myself leer skryf en sommetjies maak.

Toe ek sewe word, verhuus ons na Hazendal. Daar het ons gesin in twee kamers gewoon.

In 1947 kom die koninklike familie Suid-Afrika besoek. Die hele Kaap was daar om te sien hoe die hooghede in hulle grote, ope kap-deur Adderleystraat ry. Die mense het Britse vlaggies vir die vale gewaal. Dit was die enigste keer wat ek Suid-Afrikaners so eendragtig gesien het. In byna elke huis was daar prentjies van koning George VI en sy gesin teen die muur. Nou en dan het ek iemand gevang buig voor die prentjies. (Seker soos hulle nou met prinses Di se prentjies maak.)

Dit was ook in Hazendal, Athlone, waar ek as kind bendeboekleier reg voor ons glasvoordeur aanskou het.

PETER SNYDERS AAN DIE WOORD...



My kritici vind dit soms gerieflik om die waarheid en werklikheid in my werk te ignoreer.

Soms het ons saam met ons moeder om die sterwende kole in die ysterstoof gesit terwyl sy vir ons stories vertel het. Waar sy aan al die stories gekom het, weet nugter alleen. Meeste van my ma se verhaale was ware gebeurtenisse. Ek vermoed dat sy die stories vir dramatiese effek so 'n bietjie gekleur het.

Ek bou ook my kuns rondom die waarheid. My kritici vind dit soms gerieflik om die waarheid en werklikheid in my werk te ignoreer. Ek word daarvan verdink dat ek 'n teen-kulturele beweging aan die gang probeer sit; iets wat geen plek in "letterkunde" of "literêre" kringe behoort te hê nie.

Nā so twee jaar in Hazendal trek ons toe na ons eie Raadhuis in Blossomstraat, Silvertown. Gedurende my eerste paar dae aan Silverlea Primêre skool ontmoet ek vir Desmond en Ronald van der Poel. Hulle vra my om by die St. George-kerkkoor aan te sluit.

Sels in daardie rustige, silwerdorpie het geweld ons nie uitgekos nie. Ontwrigting bring benedens mee. My ouer broers, Harold en Ernie, moes dikwels hulle man staan. Verdere reperkussies het dikwels gevolg. Ons moes 'n paar keer as wetsgehoorsame familie self gewelddadig optree om dreigende geweld af te weer.

Minagting vir geweld het in my opgebou. Daarom kom geweld in sy verskillende gedaantes dikwels in my werk voor. Die doel, hoop ek, is om die afskuwelikhed van alle vorms van geweld bloot te lê.

Maar daar was darem ook die tye wat ek op normale rondgang kon verkeer het. Die kerk en die skole het dikwels "sosiale aande" gehou. As vyftienjarige het ek en twee vriende gou uitgevind hoe om 'n gratis bord koek en ander lekkernye te verkry deur die eters op die verhoog te vermaak. Al was al ons opvoerings komedies (met tragiese ondertone), was ons nooit jollie-hotnots nie. Ons het wel nie vir blankes gespeel nie, maar ons het nogtans nooit aan ons pret as "kleurling-sketse" gedink nie.

Destyds kon ons nog humoristies wees. Ons kon nog lag sonder dat mense ongemaklike parallelle trek. Ek moes oor die jare met teleurstelling aanskou hoe ons die vermoë om te lag, verloor. Een van my grootste vrese is dat ek self ook te ernstig mag word. Dit sou vir my 'n teken van verlies van gees wees.

Toe ek sewentien jaar oud was, het ek my eerste kortverhaal gepubliseer gekry. Niks besonder

nie. Maar daardie verhaal van drieduisend woorde het sy agtergrond. Op elf jaar het ek ontdek hoe om geld te maak. Die **Junior Cape Times** het vir hierdie brand-arm kind wat al siek en sat vir wit margarien op die brood was, 'n bron van inkomste gebied. Vir die hoofbrief het hulle een rand in vandag se geld betaal. Vir die ander inskrywings, het hulle vyf en twintig sent betaal.

Vir my eerste poging het ek 'n baie kort kortverhaal uit 'n **Boys Only Omnibus** ingeskryf as my eie. Vir hierdie skelmeid het dié plagiaat 25 sent gekry.

Ek het beseft ek moet oorspronklik wees en 'n kultuurskrywer word. En daar verskyn my volgende brief onder die hoofskrif: "Girls Waste Time!"

Mens! Het die dames my aangevall! Ek het dadelik geleer dat geld=maak 'n kontroversiële affêre is.

Na ek my veteraanskap onder die Juniors voltooi het (want ek het twaalf geword), het ek my tyd afgewag en nuwe uitdagings gesoek. Vyf jaar later skryf ek 'n kortverhaal oor hoe 'n gek 'n mens van homself kan maak as hy gesulp is. Die onmiddellike sukses van tien rand het my geleer om altyd na aan die waarheid, die werklikheid en die moontlikheid te skryf.

Vroeër, toe ek so sestien was, het ons oor die Pase in Paternoster gaan kampeer. Daar het ek vir Joan ontmoet. Ek was reg vir my heel eerste dosis jeugliefde. Sy't van my gehou, maar sy was ook realisties. Sy't lense met detail gedra onderwyl my hart my dolblind gemaak het.

Op Paasmaandag, die dag toe ons moes huis toe kom, klim sy in 'n roelbootjie saam met 'n vriend en hy roel haar die see in.

Ek het huis toe gekom met 'n gebroke hart. Maar in my onomkeer=

Ek moes oor die jare met teleurstelling aanskou hoe ons die vermoë om te lag, verloor.

bare trauma ontdek ek dat ek oor ons klein apartheid wou sing. En dit alles sonder 'n musiekinstrument of opleiding in musiek en liriek.

Ek moes die liedjies oor en oor sing om hulle te onthou. Sowaar twaalf ander liedjies het bygekam wat gehelp het om vir Joan uit my gestel te kry. Ek koop toe 'n tweedehandse ghitaar en, gewapen met veranderende eiesake, het ek sedertdien al meer as 400 liedjies gekomponeer.

Aan die Hoërskool Athlone het S.V. Petersen, my skoolhoof, elke jaar 'n tien rand beurs vir my eerstegraad-slaagpunt gebêre tot dat ek in standerd nege was. In Junie van daardie jaar verloor my vader sy werk as skryfwerker. Job Reservation. Ons het aangesukkel tot ek die hoofeksamen in September afgeleë het. Toe moes ek gaan werk.

Ek moes die eerste die beste werk wat ek kon kry, vat. Dit was om die groot negatiewe van die destydse bokskameras op fotopapier te druk. Die duisende keer wat

ek in 'n lig moes kyk wat in die donkerkamer aan en af filts, het my oë laat verswak. Dit alles vir R4,50 vir vyf en 'n halfdag per week.

My loon was nou wel nie genoeg om die huur te betaal nie, maar ons het die dak oor ons kop behou. En my pa het die pot aan die kook gehou met kreefdoppe en afval wat hy gratis of goedkoop kon bekom.

Dit was my eerste ervaring van eksploitasie. Dit duur nog voort aan hierdie ongetrooste kant van diskriminasie. Ek het geleidelik bewus van die onreg geword, maar dit het die frustrasie van magteloosheid net meer verskerp.

Na 'n paar maande het my pa werk gekry as 'n handlanger. Ek het self dikwels soos my pa aanskou hoe 'n minder-bekwame mens die werk doen.

Ek kon terugkeer na matiek. Om dat ek byna drie maande se skoolwerk verloor het, moes ek van die doolie taal Latyn afstand doen. Sodoende het ek verseker dat ek goed genoeg in wetenskap en tale sou presteer om te matrikuleer met 'n goeie punt.

My skoolhoof het vir my 'n beurs gereël om medies aan die U.K. te loop. Maar ek moes weer uitgaan om verder uitgebuit te word.

Die werk wat ek moes doen was nie geldelik of geestelik lonend nie. Dus het ek in my vrye tyd melodramatiese vollengte dramas en Caryl Chessman-tipe romans geskryf. Vingeroefeninge.

Ek het met drie akkoorde geleer ghitaar speel. Dis wonderbaarlik hoeveel liedere en melodieë binne enkele akkoorde versteek is.

Selfs nā ek getroud was, het ek aangehou eksperimenteer met nuwe vorme van musiek. In my repertoire is daar ballades, country-musiek, luisterliedjies, ruk-en-rol, disko, jazz, humoristiese

liedjies, ondergrondse musiek, walse, bossa nova - noem maar op. Ek het selfs Totius en Shakespeare getoonset.

By dié werk het ek eers werklik uitgekom nā ek wet en grondwet loop maak het. 'n Eie styl het my ontwikkel. Slegs nā ek myself ontdek het, het ek reggekam. Ek het beseft dat ek verslaaf was aan die hoge dinge van die siel. Ek was met my eie vrylating gekonfronteer.

Toe ek weg van myself begin dink, gewaar ek my medemens: ordinêr, stemloos, magteloos, misbruik, vertrap, gekrenk in sy menswaardigheid. Sy traan en kreet was ook myne.

Little magazines, **Contrast** en **Standpunte**, het my gou aanvaar. Uitgewerye het my genader, maar daar was huiwering, amper asof ek 'n mes in my hand versteek het.

Uitgewery-Skoppensboer neem toe die voortou en siedaar! Die groter uitgewerye het van hulle ont-trekkingsimptome ontslae geraak en my werk begin uitgee.

In 1974 skryf ek in vir 'n doenditself kursus in joernalistiek en òuteurskap. Nee wat, uit daardie koffiekamerdinge het ek net mooi niks geleer nie.

Nā ek kamma-outeur geword het, skryf ek in na 'n ander kollege om vir verhoog, radio en televisie te skryf. Maar na ek dit voltooi het, het ek nog steeds los rondgehoi.

Ek kies toe die vinnigste opsie. "Peter," sê ek vir myself, "los die koalisie-praatjies met tutors en mense met mindere gedagtes. Skryfery is eie sake. Doen jou eie ding. Doenit nou. Doenit gou."

My korrespondensie-onderwyser het my wel aangeraai om òf baie dramas te gaan sien, òf my eie dramagroep te stig.

Toe ek weg van myself begin dink, gewaar ek my medemens: ordinêr, stemloos, magteloos, misbruik, vertrap, gekrenk in sy menswaardigheid. Sy traan en kreet was ook myne.

Ek het opgelet dat behalwe Adam Small se paartjies, ons geen dramas oor onself gehad het nie. Verder het ons eie toneelspelers maar bra verspot voorgekom as Afrikaners in Voortrekker-uniforms. Ek stel toe aan die Lavistown se toneelvereniging voor dat ek hulle help om dié toedrag van sake te verander. Ek skryf toe **Voor dit gebeur**.

Political Joke was aanvanklik 'n lang twee-man eenbedryf. Jean Naidoo, my regsseuse, het die stuk onder hande geneem. Na 'n tammaal toe-doe met 'n byskryfery en verandering, voer ons die stuk met groot sukses in die Volksruimte op in 1979.

Sedert 1974 het en aangehou komponeer, dig en dramas skryf tot in 1977 toe Adam Small my vra om 'n paar gedigte voor te lees vir die Afrikaanse Skrywersgilde se jaarlikse beraad in Gordonsbaai. Prof. Small was 'n beoordelaar by 'n poësie-kompetisie waar ek 'n toekennning vir my gedig **Strandfontein toe** ontvang het. Dit het so gekom. Ek het in die koerant gelees van die kompe-

tisie. Die adverteerders wou dié werk in vreemde, inheemse tale hê. Ek het toe nog net 'n paar Afrikaanse gedigte geskryf en hulle was almal in Kaaps. Ek kon toe nie besluit of my gedig **Strandfontein toe** 'n Afrikaanse gedig is nie. Ek skryf hom toe maar in onder die kategorie vir vreemde tale en hy is toe wragtag een van die veertig gedigte uit 400 wat vir die tentoonstelling gekies word.

Oor die laaste paar jaar het ek nā 'n paar misluktings my voete gevind met die kortverhaal. Na heelwat gewoener het ek gewoonlik 'n werk wat ultskreeu na 'n uitgewer of opvoering. Dān eers kom die ware harde werk.

Vir 'n drama eindig dit egter nie nā 'n speelvak nie. Die resensies moet in ag geneem word vóór ek die stuk voorberei vir publiekaste.

Ek beleef ook daardie sogenaamde universele ervarings soos liefde, die worstel met 'n hoër Mag, morele dinge, 'n stryd met myself, familie en sosiale omstandighede. Maar op die oomblik is daar oorgenoeg skrywers in hierdie veld. My veld is weg van die sogenaamde hoge temas, poëtiese thought en beheptheid met tegniese. Ek verkies om weg van blanke of Westerse of Germaanse waardes te wei. As kind van die Derde Wêreld, is Afrika my stam.

Met al die genres wat ek beoef, meen ek as die gewone mens my werk kan verstaan en geniet en die stof daaruit kan grawe om dit in diepte te bespreek, die geleerdes met hulle insig dit stel=lig ook behoort te kan doen.

('n Volledige lys van al die skrywer se gepubliseerde en ongepubliseerde werke, artikels, gedigte, dramas, kortverhale en lirieke sal op aanvraag met graagte deur die Biblioteekdiens verskaf word.)

FILM STRIPS FOR STORY HOURS

Some new titles have just come into stock so this seems a good time to remind you about these useful packaged story hours which you get from your film library. You are sent a strip projector and a set of film strips and booklets. The strip consists of the pictures from a children's book: the booklet contains the text, in Afrikaans and English.


The projector is very easy to operate: you just switch it on, thread the strip in and turn the knob till the first page of the book is projected onto the screen - a blank wall will do just as well. You read the relevant paragraph from the booklet, move the strip to the next picture and carry on.

Small children find the big picture on the screen fascinating. They can really look at it properly - if you don't mind a bit of chaos you can let them touch it too and even make shadows on it. So give yourself a holiday and ask your Film Library for a set of filmstrips.

New titles in stock

Anno's journey
Aunt Nina and her nephews and nieces
Come away from the water, Shirley
A dark dark tale
Dawn
Each peach pear plum
Ernest and Celestine's picnic
Good night Moon
King of the Cats
Leo the late bloomer
Miss Nelson is missing
The most wonderful egg in the world
Mr and Mrs Pig's evening out
Pancakes for breakfast
Pinkerton, behave!
Red Riding Hood
Sir Andrew
The Snowman
Timothy goes to school
What's under my bed?

Lesley Whitwell



Miss Nelson is the nicest teacher in the world. She gives easy assignments, she smiles all the time, and she never yells, even when her raucous students are at their worst. Then one day she disappears. In walks substitute teacher Miss Swamp - business personified. No talking allowed, no goofing off, and tons of homework become the daily routine. Where is their wonderful, neglected Miss Nelson now? Music and narration highlight the search as Miss Nelson's repentant rebels learn a lesson in appreciation.

43 frames 7 minutes
Sound filmstrip/cassette \$22.00
Hardcover book/cassette \$17.45




CENTRAL COLLECTION: OUR CINDERELLA?

If book collections had feelings, then the Central Collection might at times have felt like Cinderella: hardworking and useful, but looking a bit drab and longing for a "ball dress" of attractive new books. Now, however, though there is no fairy godmother at hand, we are busy revitalising the Central Collection. Some extra shelving has been added and a new office area has been created. Drastic weeding out of dead stock is planned, while more new books are being added to the Collection.

As in the past, many of these are single copies of

more expensive or specialised works. In other cases there may be several copies in stock, but not full regional coverage. Here the Central Collection copy can be used to satisfy any requests from regions which do not have the title in their own stock. We are thinking particularly of those regions which normally get English non-fiction titles only when they are bought in large quantities. It is also our aim to build up sound subject coverage in the Central Collection, to enable us to maintain and, where possible, improve our subject request service.



Some single copies recently ordered are:

- * **Organizations - behaviour, structure, processes** by J.L. Gibson, et al. which was the key reference in the SAILIS workshop on the management of change held in May 1986. This is a comprehensive standard text about management skills.
- * **Timber in construction**, edited by John Sunley and Barbara Bedding is an authoritative reference on all aspects of timber usage for architects, specifiers and students.
- * Mary Carroll's **Making needlecraft landscapes**, an attractively illustrated work on embroidered landscape designs.
- * **How to make your advertising twice as effective at half the cost**, by Heschell Gordon Lewis, a practical, down-to-earth handbook on advertising.
- * **Making & using terrariums & planters**, by Allen and Stella Daley, which describes how to make them from glass and copperfoil.

Small quantities include:

- * **David Norman's The illustrated encyclopedia of dinosaurs**, an authoritative, comprehensive and lavishly illustrated work.
- * **African theology: an introduction**, by Gabriel M. Setiloane, which covers the main features and claims of African theology in a simple and accessible way.
- * **Arabic**, by J.R. Smart, a self-tuition course in modern literary Arabic with a clear, systematic approach.
- * Alan Toogood's **Gardening with conifers and heathers**, in which he has combined these because he feels "they grow well and look superb together".

Margaret Iskandar



Jumping, which won the Grand Prix at Zagreb in 1984, perceives the world from the changing perspective of an unseen protagonist who takes progressively higher leaps above the countryside. With **Broken down film** he constructed a film that has apparently been battered through incessant use and, though in reality in perfect condition, comes complete with shifting frame lines, upside-down titles cards, scratches, breaks, etc. It won the Grand Prix at Hiroshima in 1985. Another prizewinner was Tatsuo Shimamura's **The four seasons of Japan**, which uses a variety of animation techniques to create images that derive from nature, Japanese legends, and the Buddhist and Shinto religions. Renzo Kinoshita's best known film is the powerful **Pica-Don**, which commemorates the dropping of the atomic bomb on Hiroshima on 6th August 1945. Finally there is Kihachiro Kawamoto, whose memorable and very personal puppet films, like **Dojoji Temple** (Annecy 1977) and **The house of the flame** (Ottawa 1980), are usually based on Japanese legends of demonic possession.

A programme of 70 minutes, comprising the above-mentioned six titles, is now available for booking by libraries who would like to do some innovative programming. We would prefer to send it on circuit in its entirety and, for the time being, won't be issuing these titles individually. The programme was first shown during the 1986 Cape Town Film Festival and has since been screened at the National Gallery in Cape Town during the November-December exhibition on The Arts of China and Japan. Please advise the Film Library in Cape Town of your requirements and note that the programme is not suitable for children.

Freddy Ogterop

Most of us are reasonably familiar with examples of commercial animation from Japan. Many of the animated serials that appear on television, even those that feature literary or historical figures from western culture, were made by one of the large Japanese studios that churn out an endless supply of material to feed television stations all over the world. In addition the Japanese film industry is the most consistent producer of animated features, frequently with mythological or science fiction overtones. Hayao Miyazaki's **Warriors of the wind**, recently purchased on video, is a good example of superior commercial animation. Nevertheless the majority are boringly conventional and, as Charles Samu has observed in **Sightlines**, they reflect the profit-oriented nature of modern Japanese society rather than its artistic values.

Much more interesting work is produced by a number of animators who take time off to follow their own inclinations. One of these is Osamu Tezuka, who has made at least two most original shorts. His



Those librarians who were in Cape Town in March last year, as delegates at the conference, The Regional Librarian Today, may recall seeing a few art works just received back from the framers. Among these works now available as exhibitions on loan from the Central Collection of Art Prints are woodcuts by the South African artist, Lucky Sibiyá.

Born in Vryheid, Natal, in 1942, Sibiyá is mainly self-taught although he has received some guidance from two other highly regarded South African artists, Cecil Skotnes and Bill Alnslie. He began his artistic career by carving decorative patterns on the surfaces of gourds with a pocket knife. In 1970, when Sibiyá showed Skotnes his patterned gourds, Skotnes offered to teach him.

The decorating of gourds, a form of folk art, is to be found in many societies in which the hollowed fruit is put to use as containers and drinking vessels. Sibiyá's artistic energies found expression through this tradition. Particularly remarkable was the originality of the patterning and the sensitivity with which he related his designs to the form of the gourds. He had a wealth of images and motifs - some traditional, others the product of his fertile imagination.

An ideal medium for the development of this artist's decorative patterning toward conceptual composition was Skotnes' technique of engraving images on wooden panels and then rubbing powdered pigments into the absorbent surfaces. By 1971 Sibiyá had held his first one-man exhibition of coloured incised wood panels in Johannesburg. During the next few years he continued in this direction, exhibiting frequently and at the same time began to make prints. After visiting Europe and the U.S.A. in 1974, he was asked by playwright Welcome Msoni to interpret his theatrical play "Umabatha".

The play, not a Zulu version of Macbeth, portrays rather the development of the Zulu nation - woven around the Shakespearian plot with its witchcraft, intrigue and assassinations. The setting is Zululand, the period, the early 19th century during the reign of Shaka and Dingaan. Zulu dress, allegorical language, masks and dances are woven into a saga of "tradition, magic, and ritual".

The combination of African tradition and Shakespearian imagery inspired Lucky Sibiyá. Stimulated by the potential of the medium he produced a series of bold woodcuts "with large, simple, organic shapes ... linked and often intersected by rhythmic flowing lines", and intricately patterned areas.

Marlene Nielsen



KATEGORIEË VERHALENDE LEKTUUR VIR KINDERS

By die publikasie van kinderboeke was daar die afgelope aantal jaar twee duidelike tendense wat vir die Boekkeuringspersoneel van die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens van belang is:

1. Die toenemende aantal beginleesboekies wat gepubliseer word vir kinders van sub. A tot st. 1, wat al self kan lees en
2. die taamlike groot aantal boeke wat deur die kinderafdeling van uitgewerye gepubliseer word, maar vir 12- tot 15-jariges bedoel is.

In albei gevalle hoort nóg eersgenoemde (wat die leemte tussen prentboeke en langer stories vir kinders vul) nóg laasgenoemde (wat tussen J en T val) werklik tuis by die E- of J-kategorie, wat die enigste twee ouderdomsgroepe is wat deur die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens gebruik word.

Om hierdie rede en in die lig van navorsing wat gedoen is oor die wyse waarop ander Suid-Afrikaanse biblioteke verhalende lektuur vir kinders rangskik, het die kinder-

boekkeuringskomitee die volgende kategorieë boeke, wat deur die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens aanvaar is, aanbeveel:

E : daar sal voortgegaan word om dié kategorie vir prentboeke en boeke van gewone grootte vir kinders van die babastadium tot 6/7 jaar te gebruik; met ander woorde, vir boeke wat deur 'n volwassene aan kinders voorgelees moet word.

JE: beginnerleesboekies vir die ouderdomsgroep 6 - 8/9 jaar. Die J dui aan dat die boeke nie vir voorskoolse kinders bedoel is nie en die E dat dit "maklike" leesboekies is.

J : vir 9- tot 12-jariges. Dit sluit prentboeke vir ouer kinders in.

JT: vir 12- tot 15-jariges. Inderdaad nog jeuglektuur, maar vir ouer lesers, veral in biblioteke waar kinders eers op veertienjarige ouderdom na die volwasse afdeling oorgeplaas word. Indien 'n biblioteke meen dat so 'n boek in die T-afdeling van die volwasse biblioteek opge-

neem moet word, kan die biblioteek self die wysiging na T op die boekrug en op die kataloguskaart aanbring en die boek in die volwasse voorraad opneem.

Wysigings hoef nie aangebring te word op die boekrûe van bestaande voorraad nie, tensy kinderbibliotekarenesses dit self graag wil doen. Addisionele/Vervangingsaankope van die volgende, sowel as nuwe titels in hierdie en ander reekse, sal voortaan JE gemerk word:

Bodley Beginners (Bodley Head)
Beginner books (Collins)
Gazelles (Hamilton)
Happy families (Allan Ahlberg)
Help your child to read (Allan Ahlberg)
Red Nose readers (Allan Ahlberg)
I can read (World's Work)
Read it yourself (Ladybird)
Lees dit self-reeks (Ladybird)
Well-loved tales (Ladybird)
Sprokies-reeks (Ladybird)
Ek en jy-reeks (HAUM)

CATEGORIES OF CHILDREN'S BOOKS

In the publishing of children's books over the last few years, there have been two distinct trends that have concerned Cape Provincial Library Service Book Selection staff:

1. the increase in number of beginning-to-read books, for children in Sub A to Std 1 who are becoming independent readers;
2. the fairly large amount of books published by the children's sections of publishing houses, but which are for the 12 - 15 age group.

In both cases, neither the first (which straddles the gap between picture books and longer stories for children) nor the second (which falls between J and T) sits comfortably in the E or J categories, which are the only two age divisions used by the Library Service.

For this reason, after doing some research into how other South African libraries arrange their juvenile fiction, the children's

book selection committee recommended the following categories, which have now been accepted by the Library Service:-

E : will continue to be used for picture books, and regular-sized books intended for children from babyhood to 6/7 years; in other words, books that must be read by an adult to children.

JE: beginning-to-read books ages 6 - 8/9. The J indicates that these books are no longer for pre-schoolers, and the E that they are "easy" reading books.


J : ages 9 - 12. Includes picture books for older children.

JT: ages 12 - 15. Basically still juvenile, but for older readers, particularly in those libraries where children only transfer to the adult section at age 14. Where a children's librarian feels that such a book could/should go into the T section


of the adult library, then that library should make the alteration to T on the spine and catalogue card and take the book into its adult stock.

Changes need not be made to the spine markings of existing book stock, unless so desired by the children's librarian. Additional/replacement purchases of the following series, as well as new titles in these and other series, will in future be marked JE:

Bodley Beginners (Bodley Head)
Beginner books (Collins)
Gazelles (Hamilton)
Happy families (Allan Ahlberg)
Help your child to read (Allan Ahlberg)
Red Nose readers (Allan Ahlberg)
I can read (World's Work)
Read it yourself (Ladybird)
Lees dit self-reeks (Ladybird)
Well-loved tales (Ladybird)
Sprokies-reeks (Ladybird)
Ek en jy-reeks (HAUM)



JUMPING



POORLY PIG



FOX AT SCHOOL



MISS BRICK THE BUILDER'S BABY

WAT VERWAG EK VAN MY STREEKBIBLIOTEKARIS?

Om die rol van die streekbiblioteke te bepaal, is dit nodig om eers die sluis te lig oor die pligte van die openbare biblioteke.

Seker een van die belangrikste aspekte van die openbare biblioteke se werk waarmee sy deeglik rekening moet hou, is dat sy, haar personeel en die biblioteek voortdurend blootgestel is aan die kritiese oog van die publiek. Sy moet dus die ratte van die groot biblioteekmasjien so glad moontlik laat loop, haar personeel gelukkig, gemotiveer en produktief hou, die boekevoorraad verskaf, lewendig en netjies hou, soos ook die geboue binne en buite en sorg vir 'n aangename atmosfeer en goeie diens by die toonbank. Hierdie eensame stryd word dikwels voortgesit met 'n onwillige, onbehelpsame munisipaliteit.

Wat kan die streekbibliotekaris doen om sy taak te vergemaklik en die diens te verbeter?

Morele steun en voortdurende kontak is van die allergrootste belang, want dit sal verseker dat die biblioteke se diens te eniger tyd die vrymoedigheid sal hê om die streekbibliotekaris te nader. Hierdie morele steun kan slegs gebied word deur noue en gereelde kontak te behou en belang te stel in die doen en late van die bi-

biblioteek, al is dit ook hoe klein en afgeleë.

So 'n benadering hou vir die streekbiblioteke verskeie voordele in. Dit gee haar 'n beter idee van die huishoudelike sake en administrasie van die biblioteek, asook 'n breër kennis van die biblioteek se voorraad. Daarbenewens sal sy ook 'n beter begrip hê van tekortkominge soos onvoldoende ure, personeeltekorte en onvoldoende fasiliteite. Sy sal ook kennis dra van probleme tussen die biblioteek en die hoofkantoor of die munisipaliteit, sowel as van die behoeftes van die betrokke gemeenskap.

Hierdie kennis moet die streekbibliotekaris ten goede aanwend deur foutlewe administrasie reg te stel, die spesiale aanvraagregister, lidmaatskapskaarte, herregistrasie, probleemboeke, agterstallige biblioteekmateriaal en aanmanings gereeld te kontroleer.

Hiermee hou u taak egter nie op nie. U moet ook die biblioteke se aanmoediging om oortollige en verslete boeke te onttrek. Maak seker dat sy weet hoe om te werk te gaan en wat om te onttrek. As sy nie op u versoek reageer nie, sal u maar self moet inspring.

As daar probleme tussen die biblioteek en die hoofkantoor ontstaan, is die streekbibliotekaris die biblioteke se enigste skakel. Hou biblioteke se diens op die hoogte van nuwe ontwikkelinge, soos personeel- en beleidsveranderinge of nuwe KPB-kaarte. Moedig besoeke aan die hoofkantoor aan, want hierdie kontak is vir albei belangrik.

Waar probleme tussen die biblioteek en die munisipaliteit ontstaan, is die streekbibliotekaris ook die enigste hoop! Sorg dat die stadsklerk u ken, sodat u met vrymoedigheid kan aanklop met versoeke wat veral finansiële implikasies mag inhou.

Streekbibliotekaris se gerus die volgende wenke van biblioteke in die Wes-Kaap ter harte neem.

* The Regional Librarian is the human cushion, the interpreter of what the Library Service wants from public libraries - she must explain things like surveys, official letters, decisions and new procedures. She visits the librarian, takes her problems and sorts them out.

* The Regional Librarian should send out hand-outs and circulars on conferences, talks and lectures, which could be of use to librarians.

* Terugvoer oor opnames wat in biblioteke gemaak is, is vir die streekbibliotekaris van waarde en inligting oor aankoopstrategieë, naamlik of meer, minder of dalk glad niks aangekoop word nie, vir die biblioteke se belang.

* Spesiale vrae wat saam met nuwe boeke uitgestuur word, se KP-24 kaart moet asseblief die boeke vergesel. Dit kan andersins maklik tussen die gewone boeke beland. Kan spesiale vrae nie in 'n aparte kanton gepak word nie?

* Openbare biblioteke se diens hoort die streekbibliotekaris bytids in kennis te stel indien 'n besoek langer as normaalweg sal duur. Voorsiening kan dan daarvoor op die reisplan gemaak word, sodat die volgende biblioteek nie verontref word nie.

* Deel praktiese wenke en metodes met ander biblioteke. Die streekbibliotekaris is ook die enigste direkte skakel tus-

sen openbare biblioteke en kan hier 'n belangrike funksie vervul.

* Streekbibliotekaris se moenie bang wees om selfs die groot biblioteke reg te help nie en moet ook nie doekies omdraai in inspeksies nie. Hulle is die mense wat in die biblioteek inkom en met verskeie dinge raaksaan waarvoor die biblioteke val.

Myns insiens is die ideaal dat die streekbibliotekaris vertrouwd moet wees met die funksionering van die openbare biblioteek. Dit sou van groot nut wees as die streekbibliotekaris so af en toe in spitsstye by die toonbank van die plaaslike biblioteek kon gaan help.

Steun u biblioteke se versoeke ten opsigte van begrotingsbehoefte skriftelik en met persoonlike besoeke aan die stadsklerk. Help haar ook om haar jaarlikse behoeftes te bepaal. 'n Voorlopige jaarplan van die streekbibliotekaris stel die openbare biblioteke in staat om vas te stel wanneer die streekbibliotekaris uitstede sal wees. Dit sou verstandig wees om veral by eenmansbiblioteke vas te stel watter tye die geskikste is om die biblioteke se skakel, veral as inligting vereis word wat heelwat tyd neem.

Skoolmeesters besorg die openbare biblioteke se diens dikwels hoofbekens. Sy kan 'n vergadering met skoolbibliotekarisse belê waar tydens probleme uitgestryk en jaarprogramme bespreek kan word. Sodoende kan beter samewerking bewerkstellig word.

Om te verseker dat biblioteke gratis bly funksioneer en die huidige standaard gehandhaaf word, sal ons mekaar die hand moet reik ten einde beskikbare fondse so doeltreffend moontlik aan te wend en die omvattende voorraad wat deur die jare opgebou is, ten beste te benut.

GEORGE REGION

Knysna

Knysna celebrated the day in style. The star event for the children was a Teddy Bear's Picnic, which was an overwhelming (and very noisy!) success, with 260 children (and even more Teddies) squeezing themselves into the newly-extended library. After a puppet show, they had a party on the lawn.

"Teddy Bear" is one of the 300 entries in the Story, Poem or Picture Competition, which formed part of the programme -

TEDDY BEAR by Lisa Berry - 11 years

I luv my soft old teddy-bear,
I drag him simply everywhere.
But my teddy is so old,
That he's covered in mould.
Sometimes he seems to look at me,
Remember what you used to see?
My coat was gold,
But now it's mould.
My bow was bold.
But now it's old.
But then I say
In a happy way
That anyhow,
I still love him now!



Redaktrise

MALMESBURYSTREEK

Verlede jaar het die bibliotekaresse van Diazville, Saldanha, Vredenburg, Louville, Langebaanweg, St. Helenabaal, Velddrif, Noordhoek en Aurora besluit om Biblioteekdag saam te vier en "Die jaar van die Gestremde" as tema te gebruik. Die streekbibliotekaresse van die Malmesbury-streek is genooi om die verrigtinge as eregas by te woon.

Almal was dit eens dat die bejaardes van elke dorp op dié dag onthaal moes word en dat daar die middag 'n rolprentvertoning met lekkers en koekies vir die kleinspan moes wees.

'n Tekenwedstryd is ook vir die kinders geloods en die reaksie was oorweldigend. Die tema "Die jaar van die Gestremde" het voorwaar hulle verbeelding aangegryp.

Die dag se verrigtinge het in die **Velddrif-biblioteek** begin waar die kunswerke van die leerlinge van Velddrif en Dwarskorsbos uitgestal is.

Van Velddrif af het die groep gereis na **Vredenburg** waar die werke van leerlinge en volwassenes uitgestal is. Hier is verversings geniet en na 'n fotosessie het

die groep na **Diazville** vertrek waar almal baie beïndruk was deur die pragtige nuwe kompleks en die hoë gehalte van die leerlinge se kunswerke.

Die **Louville-biblioteek** was volgende aan die beurt en om drieuur die middag is die verrigtinge voortgesit in die **Noordhoek-biblioteek** waar die kunswerke van leerlinge en naaldwerk van die dogters van Noordhoek Primêr uitgestal is.

By die **Harold Krumm-biblioteek** op Langebaan is Biblioteekdag ook vir die eerste keer gevier. Die biblioteek is met pragtige ruike en Parkeraad-plakkate getoel en borduurwerk en kunswerke van plaaslike kinders is uitgestal.

Die oggend is die biblioteek deur 64 kleuters besoek en die middag is mnr. Harold Krumm, na wie die biblioteek vernoem is, en lede van die Biblioteekkomitee elk met 'n skouerruiker verras.

V.l.n.r. is mev. Anna Pretorius, Cala Potgelter en Ina Louwrens, almal van Vredenburg, Susie Baumeester van Noordhoek, mev. De Kock van Aurora, Martie Myburgh van Velddrif, die streekbibliotekaresse, Kim van der Merwe, Martie Steenkamp van St. Helenabaal en Hilda van Zyl van Langebaanweg.



Na afloop van die dag se verrigtinge in die onderskeie bibliotekes, was al die deelnemende bibliotekaresse dit eens dat hulle voortaan elke jaar so 'n spanooging gaan aanwend.

Kim van der Merwe

BELLVILLE REGION

This national event, initiated by the Public Libraries Group of Sallis in 1985, is an important opportunity for libraries to increase awareness of potential, encourage reading and promote the use of their services. Libraries in Bellville Region celebrated this public relations occasion, on 8 October, in varying fashion.

Fish Hoek

Open House in Fish Hoek Public Library on 8 October was publicized in the **Fish Hoek "Echo"** beforehand. The write-up encouraged community members to become better informed about library services.

Special displays in the library included a stamp exhibition on the theme of "The World of the library through stamps." There were also displays of unusual reference books, one on aspects of reading - teaching children to read, dealing with reading problems and stories to tell. Large print books were also promoted in a special display.

Bellville

Tea was served to the public throughout the day, which was also a fine-free day.

The Friends of the Library offered plastic book carriers for sale. The "Friends" also sponsored sweets and stickers, which were handed out to all children using the children's library.

Stories about rabbits from **Goue**



Lint, my storie begint, were read by Linde Rode. Also on the rabbit theme was an exhibition of show rabbits by the Cape Rabbit Society, a talk on the care of rabbits and a rabbit drawing competition. Rabbit marshmallows were also given to all participants!

Bookmarks and stickers were handed out to all users. A brochure of all the clubs and societies in Bellville was made available for the first time.

Hout Bay

The 8th October was definitely the highlight of the year's activities at the Thomas and Hangberg Libraries in Hout Bay.

At 3pm author and illustrator Niki Daly delighted over 100 children ranging from 4 - 13 years, not to mention a large number of parents and toddlers, with a demonstration of his drawing skill, humour and very evi-

dent interest in, and affection for, children and children's books.

He also presented the prizes (mostly Niki Daly books) to the winners of the poster-making and badge-design competitions and cut the enormous gooey cake we had made especially for our Public Library Day party.

He then went to Hout Bay beach where he met the children from Hangberg Library and judged their sandcastle competition. The weather, for once, was perfect, and eighty thirsty sandcastle-builders each enjoyed a refreshing orange.

Back at the Thomas Library at 6pm the official launch of Karen Muir's book "Vegetable dyeing in South Africa" provided a fitting end to an eventful day.

Karen is a "Friend" of the library who has demonstrated her spinning and dyeing skills during workshops held in the Library hall. The book is a celebration of local talent as author Karen, illustrator Ann Walton, and photographer Mike Lundy all live in Hout Bay.

Ruth Lund

Niki Daly on Hout Bay beach talking to children participating in the sandcastle competition.



Parow

Tea was served in the library all day. Sweets were given to children who took out books. Bookmarks and stickers were given out and the whole day was fine-free. Special displays publicizing the library and its services were made.

Milnerton

Tea was served in the library all day. A series of National Geographic videos were shown continuously in the library throughout the day. Fabric painting and enamel-ware demonstrations were arranged in the library.

Goodwood

Special activities to celebrate Public Library Day in Goodwood library included a poetry reading and a wood carving demonstration. Tea was served in the morning and afternoon and some of the staff were attired in Charlie Chaplin suits.

Durbanville

Indigenous flower posies were given to all members who took out books on Public Library Day. Prizes were given for lucky issue numbers and sweets were given to all children. Refreshments were served and the day was fine-free. There was also a membership drive for the newly formed Friends of the Library.

Denise Harris

STELLENBOSCH REGION

Somerset West

Somerset West invited the public to a most interesting programme in the library, which included meeting such celebrities as Marjorie van Heerden, Philip de Vos, P.N. Nortje, F.A. Venter, Peggy Heap, Jay Heale and Dr.

Hans Heese. Other activities featured a book display by Tafelberg Publishers, a demonstration of silk-screen printing and lots of fun in the children's library!

Other special activities included: an exhibition of photographs on the theme "a day in the life of Bellville Public Library." The local Arts Association exhibited works by Tygerberg artists in the foyer of the library.


Wouma Rabe

GRAAFF-REINETSTREEK

In die Graaff-Reinetstreek is Biblioteekdag met groot geesdrif op Kroonvale, Aberdeen, Somerset-Oos, Franciscus en Cradock gevier.

Op **Cradock** het mev. Susan van Niekerk en haar personeel 'n Ope-dag vir die publiek gereël en plakate in die voorportaal het lank voor die tyd die onderwerpe wat onder bespreking sou kom, aangedui. Die publiek het die biblioteek op dié dag druk besoek en talle vrae oor die keuse van boeke, plate en studiemateriaal is gevra wat op bekwame wyse deur die personeel beantwoord is.

Op **Aberdeen** was "Die see" die tema vir 'n treffende uitstalling



van sketse, skulpe, skulptuur, seesand en boeke in die kinderafdeling.

Tydens storietyd het die kleuters mev. Trudie Rossouw se storie en mev. Val Bellingan se poppekasvertoning terdeë geniet.

Aan die volwasse kant is 'n gedeelte van die biblioteek omskep in 'n blomtuin en die biblioteek is dié dag druk besoek.

By **Franciscus** is Biblioteekdag in die **W.D. West-biblioteek** gevier met 'n uitstalling en 'n kunswedstryd.

Daar was ornamente, pottbakkerswerk, kunsafdrukke, kunsnaaldwerk, houtwerk en talle inskrywings vir die kunstkompetisie. Altesame 459 kinders en 106 volwassenes het in die loop van die dag die uitstalling kom besigtig.

Vir die kleuters was daar die oggend 'n kinderprent en 'n rolprent oor dwelmsmisbruik is die middag aan die jeug vertoon.

By die **Langenhoven-biblioteek** op **Somerset-Oos** was die tema "Blomme", wat op elke denkbare wyse aanskoulik voorgestel is. Daar was reuze rangskikkings van lisse, rose en lentebloeme. Teen die mure was skilderye, plante, en blom-tapisserieë en selfs die stoep is so versier dat dit 'n uitnodiging was om binne te gaan en heerlike koek en tee te geniet.

Op **Kroonvale** het meer as 500 inwoners die dag se verrigtinge bygewoon.

Na 'n rolprentvertoning vir die kinders het sowat 500 mense die biblioteeksaal vol gesit om die middagprogram by te woon. Daar was onder andere 'n modevertoning, 'n breakdance-uitvoering en 'n tweede rolprentvertoning. Om mee af te sluit kon almal versings geniet wat deur die personeel verskaf is.

Stefan Wehmeyer

PROVINSIALE BIBLIOTEEKRAAD

Die laaste vergadering van die Provinsiale Biblioteekraad vir 1986, het op Vrydag 14 November plaasgevind en is afgesluit met 'n gesellige Kersete.

Tydens die vergadering het die Direkteur lede van die Raad uitgenooi om biblioteke meer dikwels te besoek om hul op hoogte te bring met biblioteekontwikkeling in die Kaapprovinsie.

'n Eenjarige besluit is aangeneem om die Direkteur en sy personeel te bedank en geluk te wens met die vinnige vordering op verskeie gebiede gedurende die afgelope jaar. Spesiale melding is ook deur die Raad gemaak van die tydige verskyning van die 1985-jaarverslag met talle bykomende brokkies inligting.

Direkteur

In gesellige luim: **mnr. Allan Barnard, dr. Peter en Kathleen Noerr en mnr. Frans van der Merwe**



BIBLIOTEEKREKENARISERING

Die Direkteur, mnr. N.F. van der Merwe, vergesel deur mnr. A. Barnard, 'n Senior Werkstudie-beampte van die Provinsiale Administrasie, het vanaf 13 - 15 Oktober 1986 'n internasionale seminaar oor biblioteekrekenaristelsels in Saint-Paul-deVance, naby Nice in Frankryk, bygewoon.

Verskeie stelsels is deur deskundiges van die Verenigde State van Amerika en Brittanje gedemonstree aan die deelnemers afkomstig uit 15 lande, hoofsaaklik uit die nie-Engelssprekende wêreld.

Mnr. Van der Merwe het na afloop van die seminaar verskeie Europese lande besoek en was veral beïndruk met sy besoek aan die Kommunes Biblioteke in Kopenhagen, Denemarke. Opvallend in Denemarke was die groot aantal goed toegeruste boekwinkels, met feitlik alle Amerikaanse en Engelse treffers in Deens vertaal. Weens die groot aanvraag,

spesialiseer sommige boekwinkels slegs in kinderlektuur. Om kinders en hul ouers aan te moedig om dié boekwinkels te besoek, word boeke in spesiale snuffel-vakkies plat op die vloer gelaat sodat kinders die boeke kan hanter.

As uitvloei uit die seminaar het dr. Peter Noerr en sy vrou, dr. Kathleen Noerr, albei van 'n Londense maatskappy wat spesialiseer in biblioteekrekenariseringsprekers tydens die seminaar, die Provinsiale Biblioteekdiens op 11 en 12 November besoek, waartydens die moontlikhede van rekenariserings van die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens indringend deur 'n paneel van senior personeel van die Biblioteekdiens en mnr. A. Barnard van Werkstudie, bespreek is. Ons vertrou dat verdere stappe op hierdie belangrike en noodsaaklike terrein binnekort geneem sal kan word.

Redaktrise



BIBLIOTEEKDIENS SKAF 'N TEKSVERVERKER AAN

In November verlede jaar het daar groot opgewondenheid by die Hoofkantoor geheers toe goedkeuring vir die aankoop van 'n baie gesofistikeerde teksverwerker met persoonlike rekenaarfunksies, verleen is.

Al die Biblioteekdiens se amptelike publikasies, insluitend **Die**

Kaapse Bibliotekaris, sal voortaan op hierdie "woordmeul" gedoen en op slapskywe bewaar word, so dat die bywerk van katalogi, bibliografieë, handboeke, adreslysse en talle ander publikasies nou met baie min inspanning en teen 'n aansienlike spoed verrig kan word.

Om hierdie uitgawe betyds gereed te hê kort nadat die hele stelsel geïnstalleer en mev. Swart, die

Na 40 uur opleiding oorhandig **Tertla Belnart**, opleidingsbeampte van die rekenaarmaatskappy, die nuwe teksverwerker aan ons tikster, **Klasie Swart**, links.

nuwe tikster in die Publikasieafdeling, intensiewe opleiding oor al die geheimnisse van hierdie "wondermasjien" gehad het, is op sigself 'n wonderwerk!

Redaktrise



(British Book News, Sept. 1986)

KURSUS VIR GROOT BIBLIOTEKE

'n Gevorderde kursus vir groter openbare biblioteke in die Provinsie word vanaf 3 - 5 Maart 1987 in Kaapstad aangebied. Tydens die kursus sal dr. Ben Fouché, mej. Margie van Deventer en prof. Isabel Cilliers as hoofsprekers optree. Bibliotekaresse sal binnekort individuele uitnodigings na die kursus ontvang en ons hoop dat soveel as moontlik van u teenwoordig sal kan wees.

Direkteur

STATISTIEKE: 1986

Dit word beoog om die Biblioteekdiens se jaarverslag vir 1986 weer so gou as moontlik in 1987 te laat druk en te versprei. Ons is egter afhanklik van die samewerking van alle bibliotekaresse en wil u dus vriendelik versoek om u biblioteek se statistiese verslag vir Desember 1986 so spoedig moontlik aan u streekbiblioteek te stuur ten einde die samestelling van die Biblioteekdiens se gesamentlike verslag te bespoedig.

Direkteur

OU MUTUAL-PRYSE NOU 'N JAARLIKSE INSTELLING BY HUMAN & ROUSSEAU

Met die viering van Human & Rousseau se 25ste bestaansjaar in 1984 het Ou Mutual ter herinnering aan sy lang verbintenis met dié bekende uitgewery vyf pryse geborg wat in vyf kategorieë toegeken is aan die beste boek wat in daardie jaar by Human & Rousseau verskyn het.

Ou Mutual en Human & Rousseau kan nou bekend maak dat daar vanaf 1987 elke jaar in een bepaalde kategorie 'n Ou Mutual-prys van R5 000 toegeken sal word.

Die pryse sal as volg toegeken word:

- 1987: Nie-fiksie (boeke wat in 1986 verskyn het)
- 1988: Kinderprentboeke (boeke uit 1986 en 1987)
- 1989: Poësie (boeke uit 1986 tot 1988)
- 1990: Jeugboeke (boeke uit 1986 tot 1989)
- 1991: Fiksie (boeke uit 1986 tot 1990)

Daar word geen onderskeid gemaak tussen Engelse en Afrikaanse boeke nie; die beste boek word bekroon, ongeag die taal. Slegs in uitsonderlike gevalle sal 'n verdeling van die prys oorweeg



<AL EVEREST SE VOËLS

word. In die geval van kinderprentboeke word die rol van so-wel die skrywer as die illustreerder in ag geneem.

Dit is geen prysvraag nie, en ook geen kompetisie nie. Enige nuwe boek wat in die betrokke jaar of jare by Human & Rousseau verskyn, kom in aanmerking. Die eerste wenners van die Ou Mutual-pryse was Karel Schoeman se 'n **Anderland**, Wilma Stockenström se **Monsterverse**, Rykie van Reenen se **Emily Hobhouse: Boer War Letters**, Rona Rupert se **Al Everest se voëls** en Pieter van der Lugt se **Vuurwerke**. Dat dié boeke waardige wenners was, is bevestig deur die talle bekronings wat hulle daarna te beurt geval het: 'n **Anderland** het ook die Hertzogprys en die W.A. Hofmeyr-prys ontvang, **Monsterverse** die Louis Luyt-prys en die CNA Letterkunde-toekening, **Emily Hobhouse: Boer War Letters** die Recht Malan-prys en **Al Everest se voëls** die M.E.R.-prys sowel as die

Katrine Harries-prys vir illustrasies.

Ou Mutual en Human & Rousseau vertrou dat dié trotse tradisie voortgesit sal word.

Die beoordelaars vir die Ou Mutual-prys vir nie-fiksie in 1987 is Rykie van Reenen, 'n vorige wenner en bekende joernalis, Hermann Gillomee, hoogleraar in Staatsleer aan die Universiteit van Kaapstad en Redakteur van **Die Suid-Afrikaan**, en Johan van Rooyen, redakteur van **De Kat**.


Die drie beoordelaars sal elkeen afsonderlik die drie beste nie-fiksie boeke in rangvolgorde plaas. Punte word dan vir elke posisie toegeken, en die boek wat die meeste punte kry, wen die prys; maar 'n verdere bepaling is dat ten minste een van die beoordelaars die boek eerste geplaas het.

Redaktrise

WAAROM IS DAAR SO MIN AFRIKAANSE BOEKE?

Dit wil voorkom asof die uitgewers van Afrikaanse boeke ook deesdae, soos ander sakeondernemings, aan die inflasie-spoek uitgelewer is. Dit gebeur net nie meer dat die Afrikaanse keurder toegegooi word onder nuwe boeke nie, selfs nie tydens die sogenaamde besige Kersseisoen nie. Dit is veral Afrikaanse jeugverhale, jeugvaklektuur en "leesbare" nie-fiksie wat dramaties aan die afneem blyk te wees. Boekpryse moet by die opwaartse kostespiraal aangepas word, maar dit word 'n probleem vir die Biblioteekdiens wat graag 'n ewerdige vloei van Afrikaanse boeke aan die streke wil verseker. Tans word boeke teen 'n hoër tempo afgeskryf as wat dit vervang kan word en is ons op heraanlope van boeke wat nog in druk is, aangewese. Ons wil ons streek- en openbare biblioteekpersoneel dit op die hart druk dat dit deesdae 'n geval kan wees van 'n oorplasing van ou voorraad of dalk glad niks!

Lana Pieterse



TELEVISIEPROGRAM OOR KINDERLEKTUUR

'n Interessante televisieprogram oor kinderlektuur word van Januarie tot April op TV1 uitge-saal.

Die aanbieder is Elsbé Daneel wat in die reeks die soeklig laat val op die belangrikheid van die leesaktiwiteit vir die kind en sy ontwikkeling. Sy verduidelik wat die nut van prentboeke vir die kleuter is en waarom nie sommer enige boek vir voorlees deug nie.

In die vierde program word die kind se fantasiewêreld ondersoek, terwyl diere- en godsdiensverhale

volgende aan die beurt is. Die rol van geweld in kinderboeke, asook die verskillende fasette van menseverhoudinge wat in kinderboeke uitgebeeld word, volg hierna.

In die laaste vyf programme word onderwerpe soos die etiese in kinderlektuur, die voorskoolse kind se inligtingsbehoefte, die norme waaraan vertaalde boeke gemeet moet word, biblioterapie en leesleiding, bespreek.

Voorwaar 'n reeks wat alle ouers en bibliotekaresse beslis nie moet misloop nie.

Redaktrise

NUUS UIT DIE STREKE / NEWS FROM THE REGIONS

MARGUERITE POLAND

Marguerite Poland, the children's writer, was staying here during the mid-year school holidays and graciously agreed to read two of her stories to the children at the Library.

Ms Poland is a charming person with a very modest demeanour. Surprisingly, she is an accom-



WOODDASH STARS

plished and authoritative teller of tales.

Reading **Tobane and the Watermelon** from the **Wooddash Stars** which won the Percy Fitzpatrick Medal for 1984 for Children's Literature, Ms Poland's mastery of the ethnic details of her story, provided a new experience for her young listeners, who were drawn from a largely urban background. Her second reading was **Marcus and the Boxing gloves**, which was most enjoyed by the boys. The young hero Marcus may soon feature in another adventure with Port Alfred as its setting, said the writer.

Having an author "appearing in

person" at one's Library makes the moment a special occasion. Ms Poland was a very welcome guest of the Friends of the Library Association, who asked her to read her stories here.

Merwynne Jones
Port Alfred

NUUSBERIG UIT BONNIEVALE

Bonnievale se kinders kon die afgelope vakansie nie kla dat hulle verveeld is nie, want ds. Johan Rossouw en mev. Agnes Crafford, bibliotekaresse, het gesorg vir 'n vol en interessante program gedurende die vakansie.

Ds. Rossouw het staptogte en fietsritte gereël en met die heerlike lenteweer van die afgelope tyd was dit vir die kinders net die regte afleiding.

Mev. Crafford het weer vir die jonger kinders of dié wat nie lus was vir die uitstappies veld toe nie, heelwat gebied. Dinsdag was storletyd by die biblioteek en Woensdag kon die kunssinniges hulself uitleef.

Donderdag is 'n troeteldier-kompeetisie gehou en die belangstelling was groot. Die kleinste inskrywing was Lukas Wentzel se twee baba-sywurms.

Vrydag was die hoogtepunt van die week se bedrywigheid toe klein en groot hulle letterlik teen die biblioteek se mure kon uitleef - sonder enige ernstige gevolge. Van vroeg die oggend af was dit die ene bedrywigheid voor die biblioteekgebou, toe daar begin is om dit in 'n kleurvolle "Hansie en Grietjie"-huis te omskep.

Menige motoris se oë het gerek by die aanskoue van hierdie kleurvolle muur. Die biblioteek lyk egter net tydelik so, dit word binnekort deur die Munisipaliteit geverf.

Gesina de Wet

PERSONEEL/STAFF



SENTRAAAL - KAAP

Nadat hierdie nuwe beheergebied in Januarie 1986 ingestel is, het dit organisatories direk onder die Assistent-Direkteur, Plateland, geressorteer, omdat die pos van Hoofbibliotekaris nie gevul kon word nie. Hierdie situasie het hulle seker dikwels maar afgeskeep laat voel, maar die goeie nuus is dat die pos nou uiteindelik gevul is. Johan du Plessis, voorheen Senior Bibliotekaris te Kimberley, het gevoel dat hy te veel verlang na die Kaap en het 'n oorplasing vanaf die Transvaalse Provinsiale Biblioteekdiens gekry.

Johan is 'n ou bekende vir baie

van ons. Hy het in 1969 as Streekbibliotekaris in Aliwal-Noord begin werk en is later na die rang van Senior Bibliotekaris, Noord-Kaap, te Kimberley bevorder. Hiervandaan het hy 'n oorplasing met bevordering na die rang van Hoofbibliotekaris te Ermelo by die Transvaalse Provinsiale Administrasie aanvaar.

Die setel vir die Hoofbibliotekaris is in die streekbiblioteek, George, vanwaar die uitgestrekte gebied van Sentraal-Kaap beheer sal word. Johan, baie welkom en ons vertrou dat jy die werk 'n groot uitdaging sal vind!

A.J. Steenkamp



NUWE REDAKTRISE VIR DIE KAAPSE BIBLIOTEKARIS

Baie geluk aan mev. Zirkëa Ellis met haar bevordering tot Hoofbibliotekaresse, Reklame en Publikasies en aanstelling as die nuwe redaktrise van Die Kaapse Bibliotekaris in die plek van mev. Mary Kleinschmidt wat aan die einde van November 1986 met pensioen uit die Diens getree het.


Mev. Ellis is reeds goed bekend by die meeste van ons lesers, aangesien sy vir die afgelope aantal jaar verantwoordelik was vir die keuring van Afrikaanse boeke. Sy het reeds 'n nuwe ver-



bintenis met hierdie blad, soos die talle gepubliseerde artikels, hoofsaaklik op die gebied van die Afrikaanse letterkunde getuig. Mev. Ellis is ook vir etlike jare reeds verantwoordelik vir die redaksionele en taalkundige versorging van die Afrikaanse gedeelte van die blad.

Ons wens mev. Ellis en haar personeel 'n lang en suksesvolle verbintenis met ons tydskrif toe.

Direkteur



PORTER COLLECTION

The play collection of Port Elizabeth City Libraries has been built up over more than a century and now includes a very considerable number of titles, particularly in the English language. These plays, together with related works of criticism and books on various aspects of theatre production, have now been formed into the Porter Collection.

Mr Alfred Porter, after whom the collection is named, was the first City Librarian of Port Elizabeth (1965 - 72) and is still active in the Historical Society and as an accomplished character actor, particularly in Shakespearean roles, in local amateur theatrical productions. At the age of 77 he is busy rehearsing for next year's outdoor production of Hamlet, the third time he will appear in this play. As a librarian Mr Porter helped to build up the Library's theatre collection and as an actor he helped foster an appreciation of drama in Port Elizabeth, so it is appropriate that his name should be associated with the Library's theatre collection.

A small function was held to launch the collection, at which the guests of honour included several leading figures from the local theatre scene as well as Mr Porter and his wife Edith, who has also been involved in theatre for many years as wardrobe mistress. Mr Porter was presented with a copy of Antony Sher's book **Year of the King**, with a special inscription and the bookplate which has been designed for the Collection by the Library's display artist, Mr Alan Grobler. The bookplate depicts the Globe Theatre.

Frequent use is made of books in the collection by students and members of amateur theatre groups, and the emphasis in the future will continue to be on practical usefulness. All volumes in the collection will be available for loan (including inter-library loan).

YOUNG MOTHERS' GROUP

